# LAER VOLKSKOOL
## GRAAFF-REINET

**NUUSBRIEF**
**Nommer 4**
**7 Februarie 2020**

## UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

**FINANSIëE HULP**
Alle **volledige** vorms moet asseblief voor of op 18 Februarie 2020 deur uself by die kantoor ingehandig word.

**BELANGRIKE ATLETIEK DATUMS OM TE ONTHOU**
**13 Februarie**
Cradock atletiekbyeenkoms o.7 – o.9 (atlete wat 1ste tot 3de plekke by die Kleure byeenkoms behaal het).

**3 Maart**
Interskole Atletiekbyeenkoms by LVS o.7 – o.13 (alle atlete wat 1ste tot 3de plekke by die Kleure atletiekbyeenkoms behaal het).

'n Groot beroep word op leerlinge gedoen om oefeninge by te woon en nie onnodig aan byeenkomste te onttrek nie. **Geen atleet sal sonder 'n geldige rede van die Interskole byeenkoms onttrek word nie.**

**SPORTDRAG OP SPORTDAE**
Graad 1 tot 3 leerlinge wat direk na skool sport het, kom met hulle sportdrag en tekkies skool toe.

**CHRIS HANI OPE SKAAKTOERNOOI: NOMMER 1**
Bogenoemde toernooi vind op Maandag, 10 Februarie om 13:30 by Union plaas.

**KDDS DISSIPLINE STELSEL**
Sien brief aan ouers in verband met registrasie op KDDS aan einde van nuusbrief.

**STUDEER SONDER SUKKEL**
Die Instituut vir Christelike Onderwys bied by Laer Volkskool hierdie studie kursus vir ons graad 4 leerlinge aan. Die koste van die kursus beloop R60 per kind.

Die sessies met Graad 4 leerlinge en ouers is as volg:
Leerdersessie – Donderdag, 13 Februarie 2020 om 07:15 tot 13:30 tydens skooltyd in die Kewertjie. Dit is 'n normale, verpligte skooldag en u kind moet by die skool wees.

Ouersessie – Donderdag, 13 Maart 2020 om 17:30 tot klaar in Kewertjie.

ALLE OUERS EN LEERLINGE WORD VRIENDELIK VERSOEK OM VAN HIERDIE WONDERLIKE GELEENTHEID GEBRUIK TE MAAK. DIT IS VAN GROOT HULP VIR OUER EN KIND VIR DIE TOEKOMS.

**WISKUNDE: HERSIENINGSKLASSE**

| | | |
|---|---|---|
| Graad 7 | Woensdag, 12 Februarie | 13:30 – 14:15 |
| Graad 6 | Dinsdag, 18 Februarie | 13:30 – 14:15 |

**EPOS**
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

**DEPARTEMENT GESONDHEID**
Alle konsentvorms in verband met die inenting van Graad 5 dogters, moet asseblief op Maandag, 10 Februarie by die klasonderwyser ingehandig wees. Inenting vind op 18 Februarie 2020 plaas.

**BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK SOOS OP DIE KALENDER**

| | |
|---|---|
| 10 Feb | Finansverg. 07:00 |
| | Skaak: Marlow |
| | BL verg. 17:15 |
| 12 Feb | 2Kamp OP Liga PE |
| 13 Feb | Studeer Sonder Sukkel Gr 4 in skooltyd / Ouers om 17:30 |
| | Gr 1 – 3 Cradock Atletiek |
| | Cradock Uitnodigings Atletiekbyeenkoms o.7/o.9 |
| | Krieket vs Niko Brummer (t) o.11/o.13 |
| 14 Feb | Afbakening uit |
| | Valentynsdag @ R5 |
| | Civvies |
| | Sarah Baartman Atletiek HVS |
| 13 Feb | Boogskiet (w) |
| | B-Groep gala |

## SPORT

**ATLETIEK TE COLLIE KOEBERG, VRYDAG, 7 FEBRUARIE**
Die volgende atlete is deur na die volgende Atletiekbyeenkoms op Collie Koeberg (CMC Atletiek-byeenkoms). Baie geluk aan hierdie atlete.

| OUDERDOM | NAAM | ITEM |
|---|---|---|
| Do.10 | Deidré Alberts | 80m, 100m, verspring |
| Do.10 | Shana-Leigh Lange | gewigstoot |
| Do.10 | Marizel Marais | 1200m, verspring |
| So.10 | Cobus Viljoen | gewigstoot |
| So.10 | Laughton Booysen | verspring |
| So.10 | Johan Viljoen | verspring, gewigstoot |
| So.10 | Frederick de Klerk | verspring |
| Do.11 | Carlien Oosthuizen | verspring, gewigstoot |
| Do.11 | Alicia Louw | 80m, 100m |
| Do.11 | Izienne Pienaar | verspring |
| So.11 | Pieter Nel | 80m, 100m, verspring |
| So.11 | Gert Theron | gewigstoot |
| So.11 | Vincent Pienaar | 1200m |
| So.11 | Diniso Matayi | 80m, 100m, verspring |
| Do.12 | Liandri Bezuidenhout | gewigstoot |
| So.12 | Hannes van der Merwe | 100m, 150m |
| So.12 | Aidan Thiart | 150m, verspring |
| So.12 | Joshua Kritzinger | verspring, hoogspring |
| So.13 | Jean-Pierre Theron | gewigstoot |
| So.13 | Ivaan Jaftha | verspring |
| So.13 | Curwin Niemand | verspring |

**SWEM: LAER VOLKSKOOL KLEURGALA**

Op Dinsdagmiddag, 4 Februarie 2020, was dit 'n groot geplas en geproes en geskop toe Laer Volkskool hulle jaarlikse Kleurgala aangebied het. Die swemmers was almal goed gemotiveerd om hulle bes vir hulle span te doen.

Die volgende uitstaande prestasies is behaal:
Victor Ludorum: Aidan Thiart
Victrix Ludorum: Carlien Oosthuizen
Andrew Kinghornbeker: Aidan Thiart

Die volgende swemmers het almal rekords verbeter: Lua Bouwer, RJ de Vos, Klara van Jaarsveld, Carlien Oosthuizen, Aidan Thiart en Frederick de Klerk.
Baie dankie aan al die swemmers vir hulle ure se oefening en toewyding om sulke pragtige prestasies te behaal!

**TWEEKAMP**

Twee van Laer Volkskool se leerlinge naamlik, Klara van Jaarsveld (Do.8) en Francois Naude (So.11) het die Oostelike Provinsie by die Highgate Interprovinsiale Byeenkoms wat op 1 Februarie 2020 in Oudtshoorn gehou is, verteenwoordig. Albei leerlinge is in die A span opgeneem. Baie geluk met jul puik prestasies.

**TENNIS**

Let asseblief daarop dat die Tenniswedstryd wat op 10 Februarie teen Karel Theron sou plaasvind, geskuif is na 21 Oktober 2020 weens 'n botsing op hul kalender.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

**GOD VERGEWE**

**Ek en jy is God se kinders,**
**Hy het ons lief solank ons lewe.**
**Hoe wonderlik om altyd te weet**
**dat Hy ook ons sonde vergewe.**

**Spreuke 22:6**

*D Joubert*
*Skoolhoof*
*Epos: hoof@laervolkskool.org*
*Tel: 049 8910803*